

Bylaag D

NGK Oos-Kaapland Sinodale Besluit 2003: Kerkhereniging

Die Sinode van die NG Kerk in Oos-Kaapland:

1. Bevestig die NG Kerk se verbintenis aan die kerkherenigingsproses met al die Kerke van die NG Familie asook sy dringende wens dat hierdie hereniging so spoedig as moontlik sal plaasvind.

2. Laat hom in sy besluite oor die kerkherenigingsproses lei deur die volgende oortuigings:

2.1 Ons glo dat die hereniging van die familie van die NG Kerke noodsaaklik is omdat die Woord van die Here baie duidelik praat oor die belangrikheid van die eenheid van sy kerk. Ons glo dat die liefde wat ons as gelowiges in Christus vir mekaar koester, ons dring tot kerkhereniging.

2.2 Ons glo van harte dat kerkhereniging ons ook gaan help om die roeping wat ons as kerke in Suider-Afrika het, beter te verstaan en uit te leef. Kerkeenheid is nodig vir 'n gesamentlike kyk op die probleme van die land, vir gesamentlike aksie, vir gesamentlike getuïenis en uiteindelik vir die geloofwaardigheid van ons werk en getuïenis.

2.3 Ons glo dat die proses van kerkhereniging ons ook die geleentheid bied om 'n getuïenis te lewer oor die vergewende, helende en vernuwende krag van die evangelie van Christus.

2.4 Ons is bewus van die feit dat kerkherenigingsprosesse gewoonlik komplekse en delikate prosesse is. Feitlik alle kerke wat deur sulke prosesse gegaan het, getuig daarvan. Dit mag ons egter nie ontmoedig nie, maar moet ons motiveer om die proses met groot liefde, verantwoordelikheid en baie gebed aan te pak.

2.5 Ons is oortuig dat die besluit hieroor sal dien

tot lof van die Een Vader wie se kinders ons almal is,

tot lof van die Gekruisigde en Opgestane Christus wat ons in sy Een Liggaam ingelyf het en

tot lof van die Een Lewendmakende Gees wat ons saam in sy diens wil gebruik, tot seën in Afrika en die hele wêreld.

3. Erken dat die VGK die Belharbelydenis inbring in die kerkherenigingsproses en ons aanvaar dat die Belharbelydenis om daardie rede deel van die kerkherenigingsproses is. Dit beteken egter nie dat al die deelnemende kerke se lidmate of predikante dit as 'n belydenisskrif hoef te onderskryf is nie. (Sien ook Bylae 1 wat oor die belydenisgrondslag handel.)

Die sinode neem met dank kennis van die Konvent vir Eenheid wat in 2002 gehou is en aanvaar dat punte 1 en 2 van die besluit van die Konvent oor die Belydenisgrondslag deel sal vorm van die kerkherenigingsproses. Dit lui soos volg:

“Dat die Konvent vir Eenheid die drie oudkerklike ekumeniese simbole, die Drie Formuliere van Enigheid en die Belhar Belydenis as basis en riglyn vir sy gesprek oor kerkeenheid neem;

Dat die Konvent aanbeveel dat die Belhar Belydenis ingesluit word in die belydenisgrondslag van 'n groter herenigende kerk op 'n wyse wat die eenwordingsproses dien.”

4. Vra dat die partye betrokke by die Konvent vir Eenheid versoek word om die moontlikheid van stigting van 'n parallelle sinode vir die NG Familie in Kaapland te ondersoek in terme van Reglement 6.5 van die Algemene Sinode. Die reglement maak dit moontlik dat vergaderings van verskillende kerke per ooreenkoms saam kan fungeer – soos wat reeds in die Wes-Kaap gebeur by die KGA, Badisa en sekere ringe.

5. Besluit dat die Sinode die beskrywingspunt van die Moderamens van die NG Kerk in Wes- en Suid-Kaap en in Oos-Kaapland aan die Algemene Sinode ten opsigte van die belydenisgrondslag en struktuur vir een Kerkverband, [Agenda Algemene Sinode B16.6 bladsy 443] na die Konvent deurstuur as 'n moontlike voorbeeld van hoe bg sake hanteer sou kon word (sien bylae 1).

6. Wil al ons gemeentes en lidmate op die pad van kerkhereniging saamneem. Daarom verbind ons ons aan 'n proses van oop gesprek, kommunikasie en raadpleging met ons gemeentes. In hierdie gesprek moet aandag gegee word aan oa die volgende aspekte:

6.1 Die redes waarom die Sinode oordeel dat kerkhereniging 'n noodsaaklike proses is;

6.2 die moontlike verloop (in fases) van die kerkherenigingsproses en die implikasies daarvan – ter wille daarvan om misverstande uit die weg te ruim;

6.3 materiaal moet beskikbaar gemaak word wat gemeentes en lidmate kan help om gesamentlike gesprekke te voer oor veral twee sake, naamlik die roeping van die kerk van Christus in die nuwe situasie in SA en die vraag met watter geloof en belydenis ons die uitdagings tegemoet gaan. Hierin is die herlees en gesamentlike uitleg van die herenigde kerk se belydenisse van groot belang;

6.4 Ten opsigte van die Belhar Belydenis word gevra:

6.4.1 dat informasie oor die ontstaansgeskiedenis en intensies van die Belhar Belydenis beskikbaar gemaak word;

6.4.2 dat getuigenisse uit die VGK asook die NG Kerk oor die wesenlike rol wat die Belhar Belydenis in hul lewens speel ook beskikbaar gestel sal word;

6.4.3 dat die gesamentlike en eietydse uitleg van die Belhar Belydenis wat deur die Konvent opgestel sal word, so gou as moontlik aan gemeentes beskikbaar gestel word.

6.4.4 dat die moontlike proses en wyse waarvolgens die Belhar Belydenis ingesluit kan word in die belydenisgrondslag verduidelik word.

7. Versoek die moderatuur om 'n persverklaring oor hierdie besluit van die sinode uit te reik.

8. Versoek die moderatuur om beskikbaar te wees om gemeentes oor hierdie aangeleentheid te besoek en in te lig.

BYLAE 1

Inleiding

Wat betref die **twee groter kwessies van belydenisgrondslag en struktuur** wat tot dusver eenwording bemoeilik het, stel die Sinode die volgende riglyne voor, in die hoop dat dit vir die ander kerke in ons familie aanvaarbaar sal wees:

1. Belydenisgrondslag

1.1 Die Sinode aanvaar dat daar voorsiening moet wees dat die Belydenis van Belhar opgeneem word in die Belydenisgrondslag van die nuwe kerk op 'n wyse wat die eenheidsproses op 'n

positiewe manier sal dien (vgl AS, H1998, p 516, pt 10.3.5).

1.2 Dit kan waarskynlik ten beste gedoen word deur 'n meer uitgebreide Kerkorde-artikel oor die belydenisgrondslag van die nuwe kerk te skryf, waarin met vyf konsentriese kringe gewerk word:

1.2.1 Die eerste kring handel oor die Bybel - die basis van ons geloof en die finale toets vir alle belydenisskrifte.

1.2.2 In die tweede kring is die ekumeniese geloofsbelydenisse wat ons met alle Christelike kerke deel.

1.2.3 In die derde kring is die drie formuliere van eenheid wat ons verbind aan die Reformasie.

1.2.4 Die vierde kring is eietydse belydenisskrifte wat die onderskeie kerke met hul saambring op die nuwe pad van eenheid.

1.2.5 Die vyfde kring is ander dokumente wat die kerke ook in 'n breër belydenisgrondslag opgeneem wil hê

***Nota:** In hierdie vierde en vyfde kring word ruimte gelaat dat, hoewel lidmate van die nuwe kerk die Bybelse basis van die geskrifte aanvaar, nie almal hulleself op dieselfde wyse aan die belydenisaard daarvan gebonde voel nie.*

2. Eenheidstruktuur

2.1 Die gewone presbiteriale struktuur van 'n gesamentlike algemene sinode, gesamentlike streeksinodes en gesamentlike ringe word gevolg.

2.2 Ten opsigte van gemeentes word 'n spontane proses van herrangskikking voorgestel waarby plaaslike omstandighede en geleenthede 'n sterk rol sal speel – met die onderneming dat gemeentes nie van buite in prosesse ingedwing sal word nie. Plaaslike kerkrade behou dus die besluitnemingsbevoegdheid oor die inrigting van die plaaslike gemeente. In die besluit word rekening gehou met die unieke aard van gemeentes.

2.3 Die moontlikheid word ook oopgelaat vir 'n groep gemeentes wat besondere belange deel, om 'n eie buitengewone verbandsvergadering (ring of sinode) byeen te bring wat kan rapporteer aan die breër verbandsvergaderings. Hierdie spesiale groeperings vervang egter nie die gemeentes se inskakeling by die gewone ringe, sinodes en die algemene sinode nie.